**Donderdag 12 Maart**
**Skrifgedeelte: 2 Konings 13 en 14 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 14:4**
**Die hoogtes**

Amasia het Joas as koning opgevolg en gedoen wat reg was in die oë van die Here, net soos sy pa. Die hoogtes het hy egter nie afgeskaf nie. Hoogtes was natuurlike hoë plekke soos ‘n heuwel of ‘n koppie of ‘n rantjie waarop ‘n altaar opgerig is met die doel om onder andere diere daarop te offer. Soms was ‘n hoogte ‘n opgeboude plek met ‘n altaar bo-op.

Ons moet onderskei tussen hoogtes waar daar aan God geoffer is en hoogtes waar aan afgode soos Baäl en Astarte geoffer is. In 1 Samuel 9:13, 14 word melding gemaak van die profeet Samuel wat aan bedrywighede op ‘n hoogte deelgeneem het. Van Salomo lees ons in 1 Konings 3:3, 4: *“En Salomo het die Here liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel; hy het net gedurig op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan. En die koning het na Gibeon gegaan om daar te offer omdat dit die vernaamste hoogte was; duisend brandoffers het Salomo op daardie altaar geoffer.”*

Die volgende vers laat dit blyk dat die Here geen beswaar gehad het teen Salomo se offers op die hoogtes nie. Die Here het daar in Gibeon aan hom in ‘n droom verskyn en gesê: “Begeer wat Ek jou moet gee”. In kort: Salomo begeer wysheid en kry sommer rykdom en ‘n lang lewe ook daarby.

*Sing: Psalm 134-1:1*
*Dagstukkie Almanak 2002*